

8 Julie

Nehemia 12:27-13:3

Geloofsgroei bring geloofsvreugde

Na die lang en moeilike pad wat die volk geloop het, kan hulle nou fees vier tot God se eer. Die boek Nehemia wys dat die pad deur verskeie bakens gekenmerk is. Die volk moes begin by sondebelydenis, berou en bekering. Hulle moes God in sy grootheid erken; hulle moes hul verbond met die Here vernuwe; hulle moes weer die Woord en Wet van die Here ontdek. Nou bring die geloofsgroei geloofsvreugde.

Vir die feesvieringe moes die hele volk bymekaar kom. Die Leviëte, die sangers, die kore en die volk. Voor die fees egter kon begin moes die priesters en die Leviëte eers hulleself reinig en daarna die volk en stad. Hiermee getuig die volk van hul sondigheid en nietigheid voor God. Dit getuig van hul hernude toewyding aan die Heilige God. Ware geloofsvreugde en suiwering is onmisbare elemente van mekaar. Die hoogtepunt van hierdie gedeelte vind ons in 12:43: "Daar is daardie dag baie offers gebring. Die mense was bly. God het hulle groot blydskap gegee. Ook die vrouens en kinders was bly. Jy kon die blydskap van Jerusalem ver hoor."

God se troue daad van liefde vir sy kinders spoor ons aan tot groot vreugde en dankbaarheid. Is ons as gelowiges vol vreugde, maak nie saak wat die omstandighede is nie! Wys ons vir die wêreld ons vreugde in Jesus Christus? Lê ons vreugde in die Here, of in die wêreld? Kan ander mense in ons sien dat God alleen ware vreugde gee vir die wat Hom ken en aanbid? Het die ware gelowige rede om te kla? Is daar dinge in ons lewe wat gesuiwer moet word voor ons ware vreugde sal vind?

Ons Vader, ons dank U vir die verlossing in Jesus Christus. Ons loof U vir die vreugde wat U ons bring. Lei ons om in die geloof te groei sodat ons nou al die geloofsvreugde kan smaak wat ons eendag altyd by U sal besit.

Sing Psalm 150:1-3

Ds. J.P. van der Walt (Durban)